



# **basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**MUSIEK V2**

**2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 30**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 17 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Gehoor	(8)
AFDELING B: Herkenning van Musiekkonsepte	(14)
AFDELING C: Vormleer	(8)
2. VRAAG 1, VRAAG 2 en VRAAG 6 is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord ook VRAAG 3 (Inheemse Afrika-musiek (IAM)) **OF** VRAAG 4 (JAZZ) **OF** VRAAG 5 (Westerse Kunsmusiek (WKM)).
4. Skryf AL jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.
5. Hierdie eksamen sal afgelê word terwyl kandidate na 'n CD luister.
6. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die toesighouer afneem.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.
8. Kandidate mag vir die duur van die eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
9. Kandidate moet let op die puntetoekenning by elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.
10. Skryf netjies en leesbaar.

*Nota aan die nasiener: Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte antwoord wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie.*


## AFDELING A: GEHOOR (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 SNIT 1

Noteer die ritme van die ontbrekende note in maat 2 tot 3 hieronder.

**Antwoord:**



$\frac{1}{2}$  punt soos aangedui (3)

1.2 SNIT 2

Noteer die ontbrekende note van die melodielyn by (A) en (B).

**Antwoord:**



Toonhoogte en ritme moet korrek wees:  $\frac{1}{2}$  punt x 2 (1)

[4]

**VRAAG 2**

2.1 Identifiseer die kadense aan die einde van die volgende TWEE uittreksels:

2.1.1 **SNIT 3**

**Antwoord:** Volmaak

**1 punt**

(1)

2.1.2 **SNIT 4**

**Antwoord:** Onderbroke

**1 punt**

(1)

2.2 **SNIT 5**

Identifiseer TWEE prominente komposisietegnieke wat jy in hierdie uittreksel hoor.

**Antwoord:**

- Herhaling
- Sekwens

**2 punte**

(2)

2.3 Beantwoord die volgende vrae deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

2.3.1 **SNIT 6**

Kies 'n gesikte tempo-aanduiding vir hierdie musiekuittreksel.

**Antwoord:**

Adagio	X Allegro	Andante	Andantino
--------	-----------	---------	-----------

**1 punt**

(1)

2.3.2 **SNIT 7**

Watter term beskryf die ritmiese komposisietegniek die beste?

**Antwoord:**

Poliritmes	X Ostinato	Sekwens	Drieslagmaat
------------	------------	---------	--------------

**1 punt**

(1)

2.3.3 **SNIT 8**

Watter term beskryf die tekstuur die beste?

**Antwoord:**

Homofonies	Polifonies	X Monofonies	Stereofonies
------------	------------	--------------	--------------

**1 punt**

(1)

2.3.4 **SNIT 9**

Watter EEN van die volgende beskryf die tydmaatteken van hierdie uittreksel?

**Antwoord:**

Eenvoudige vier slagmaat	X <del>4</del>	Saamgestelde tweeslagmaat	6	Saamgestelde drieslagmaat	8
-----------------------------	----------------	------------------------------	---	------------------------------	---

**1 punt**

(1)

$(8 \div 2)$

[4]

**TOTAAL AFDELING A:**

8

## AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE

**Beantwoord VRAAG 3 (IAM)  
OF VRAAG 4 (JAZZ)  
OF VRAAG 5 (WKM).**

### VRAAG 3: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

Luister na die snitte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

3.1      SNIT 10

Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 10 verband hou.  
Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
SATB	X
Majeur tonaliteit	X
Melodiese improvisasie	
TTBB	
Malombo	
Vierslagmaat	X
Aërofone	
Mansleiersanger	X

3 x 1 (3)

3.2      SNIT 11

Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 11 verband hou.  
Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Musikale pypfluite	X
Tromme en perkussie	X
Drieslagmaat	
Ritmiese herhaling	X
Chordofone	
Maskanda-kitaarbegeleiding	
Sikliese melodielyne	X
YI tekstuur	

3 x 1 (3)

3.3

**SNIT 12**

Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 12 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Kruisritmes	X
Djembe-begeleiding	
Onreëlmatige tydmaat	X
Izibongo (Lofdig)	
Chordofoon	
Beenratels	X
YI tekstuur	
Liggaamsperkussie	X

**3 x 1**

(3)

3.4

**SNIT 13 en 14**

Vergelyk die TWEE uittreksels volgens die items hieronder. Skryf jou antwoorde in die ruimtes wat verskaf word.

**Antwoord:**

ITEMS	SNIT 13	SNIT 14
<b>Kunstenaar/ Orkes</b>	Ladysmith Black Mambazo	Thee Legacy
<b>Harmoniese progressie</b>	Basiese akkoordprogressie Primêre akkoordsiklus: I – I – IV – V	Basiese akkoordprogressie 1 <sup>ste</sup> deel van die lied: vi – IV – I – V 2 <sup>de</sup> deel van die lied: vi – iv – iii – I – vi – V
<b>Uitvoeringstyl</b>	A cappella	A cappella (met 'beat boxing'/mondperkussie bygevoeg)

**6 x 1***('Roep en antwoord' word nie aanvaar vir Snit 13)*

(6)

3.5

**SNIT 15**

3.5.1 Wat is die rol van die tromstel in hierdie uittreksel?

**Antwoord:** Verskaf deurgaans die ritmiese voortstuwing

**1 punt**

(1)

3.5.2 Met watter styl assosieer jy hierdie musiek?

**Antwoord:** Mbaqanga

1 punt

(1)

3.5.3 Watter instrumente, behalwe die tromstel, speel in hierdie orkes?

**Antwoord:**

- Orrel/Klawerbord met orrelstelling
- Baskitaar
- Elektriese kitaar
- Saksofoon

Enige DRIE

(3)

3.6

SNIT 16 en SNIT 17

Vergelyk hierdie TWEE snitte deur die toonkwaliteit van die sang te beskryf. Skryf jou antwoorde in die ruimtes wat verskaf word.

**Antwoord:**

	SNIT 16	SNIT 17
Toonkwaliteit	'n Mansgroep met 'n sagte en fluweelagtige toonkwaliteit en stemme wat goed meng	Sterk manstem en penetrerende vrouestemme met 'n ferm, gespierde toonkwaliteit

2 punte

Snit 16: slegs die woord 'mansgroep' =  $\frac{1}{2}$  punt

(2)

3.7

SNIT 18

3.7.1 Met watter styl assosieer jy hierdie musiek?

**Antwoord:** Kwêla


1 punt

(1)

3.7.2 Gee VIER redes vir jou antwoord.

**Antwoord:**

- 'Township jive' ritme
- Skoffelagtige maatslag deur die kitaar verskaf
- Sikliese akkoordstruktuur
- Herhalende melodiese motiewe

- Tipiese herhalende ritme: 

Enige VIER

(4)

3.8

SNIT 19

Wat is die rol van die saksofoon in hierdie ensemble?

**Antwoord:**

- Speel die hoofmelodie
- Solis

Enige EEN

(1)

(28 ÷ 2)

[14]

OF

**VRAAG 4: JAZZ**

Luister na die snitte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Speel Snit 20 tot 31 TWEE keer na mekaar**

4.1

**SNIT 20**

Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 20 verband hou.  
Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Modale tonaliteit	X
Afrika-jazz	
Leierkitaarmelodie	X
Vrye melodiese improvisasie	
Jazz-kwartet	X
Aërofone	
Jazz-kwintet	
Harmoniese ostinato	X

**3 x 1**

(3)

4.2

**SNIT 21**

Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 21 verband hou.  
Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Melodie in unison deur saksofoon en trompet	X
Lang inleiding	X
Big band	
Trompet-improvisasie	
Swing	
Legato-artikulasie op strykers en klavier	X
Baslyn in klavier	X
Idiofone	X

**3 x 1**

(3)

4.3

**SNIT 22**

Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 22 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Baslyn deur tuba/eufonium gespeel	X
Melodieë deur piccolo en klarinet gespeel	X
Big band	
Baslyn deur kontrabas gespeel	
Sinkopasie	X
Legato-inleiding deur strykers en houtblasers	
Bebop	
Tweeslagmaat	X

**3 x 1**

(3)

4.4

**SNIT 23 en SNIT 24**

Luister na hierdie TWEE snitte en vergelyk die items wat hieronder gegee word. Skryf jou antwoorde in die ruimtes wat verskaf word.

**Antwoord:**

ITEMS	SNIT 23	SNIT 24
<b>Tempo</b>	Vinnig	Stadig
<b>Metrum</b>	Vierslag	Drieslag

**4 x ½ = 2 punte**

(2)

4.5

**SNIT 25 en SNIT 26**

Vergelyk hierdie TWEE snitte en identifiseer EEN verskil tussen die rolle wat die tromstel in die twee uittreksels speel.

**Antwoord:****Snit 25**

- Speel 'n leidende rol in die ononderbroke ritmiese voortstuwing in 'n flink tempo

**Snit 26**

- Speel 'n ondersteunende rol met subtiele nuanses van lig en skakering in 'n matige tempo

**Korrekte vergelyking = 1 punt**  
**Geen ½ punte**

(1)

4.6

**SNIT 27**

Identifiseer die hoofinstrumentseksies in hierdie big band en noem relevante instrumente in ELKE seksie.

**Antwoord:****Big band-seksies**

- Ritme-seksie: klavier, tromstel, bas
- 'Horn'-seksie: koperblasers (trombone en trompette) en saksofone (alt, tenoor en bariton)

*Ritme-seksie =  $\frac{1}{2}$  punt, klavier ( $\frac{1}{2}$ ), tromstel ( $\frac{1}{2}$ ), bas ( $\frac{1}{2}$ ) =  $(4 \times \frac{1}{2}) = 2$   
'Horn'-seksie (koperblasers) =  $\frac{1}{2}$  punt, trompette ( $\frac{1}{2}$ ), trombone ( $\frac{1}{2}$ ) en enige saksofoon ( $\frac{1}{2}$ ) =  $(4 \times \frac{1}{2}) = 2$*

*(2 + 2 = 4 punte)**(4)*

4.7

**SNIT 28**

Verduidelik die hantering van melodie in die uittreksel.

**Antwoord:**

- Begin met 'n manstem wat die hoofmelodie sing
- Word afgewissel met 'n sekondêre melodie op die saksofoon
- Roep en antwoord (stem en saksofoon)

*Enige TWEE**(2)*

4.8

**SNIT 29**

4.8.1 Noem die stemtipe.

**Antwoord:** Mezzo sopraan/vrouestem in die middelregister

*1 punt**(1)*

4.8.2 Identifiseer watter artikulasietype gebruik word wanneer die melodie gesing word.

**Antwoord:** Aanmekaar gebinde sang/legato-lyn

*1 punt**(1)*

4.8.3 Beskryf die begeleiding vir hierdie melodie.

**Antwoord:**

- Kitaar:
  - verskaf begeleiding
  - speel 'n harmoniese en ritmiese rol
  - rol ('strum') akkoorde en speel 'n paar arpeggio-figurasies
- Kontrabas:
  - verskaf begeleiding
  - gee die buitelyn van die harmonie
  - pizzicato-spel van enkelbasnote

*1 punt vir kitaar begeleiding**1 punt vir kontrabasbegeleiding**(2)*

4.9

**SNIT 30**

4.9.1 Met watter styl assosieer jy hierdie musiek?

**Antwoord:** Kwêla**1 punt**

(1)

4.9.2 Gee VIER redes vir jou antwoord.

**Antwoord:**

- 'Township jive' ritme
- Skoffelagtige maatslag deur die kitaar verskaf
- Sikliese akkoordstruktuur
- Herhalende melodiese motiewe
- Tipiese herhalende ritme:

**Enige VIER**

(4)

4.10

**SNIT 31**

Wat is die rol van die saksofoon in hierdie ensemble?

**Antwoord:**

- Speel die hoofmelodie
- Solis

**Enige EEN**

(1)

(28 ÷ 2) **[14]****OF**

**VRAAG 5: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)**

Luister na die snitte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

5.1

**SNIT 32**

Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 32 verband hou.  
Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Homofoniese tekstuur	X
Bewegt	
Opgaande chromatiese lyn	
SATB	X
Staccato-motiefherhaling	
Inleiding deur klarinet en strykers	
Inleiding deur Franse horing en strykers	X
Melismas	X

**3 x 1**

(3)

5.2

**SNIT 33**

Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 33 verband hou.  
Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Drieslagmaat	X
Tekstuur met meervoudige lae	X
Verkleining	
Aanvangsmelodie deur saksofoon	
Giocoso	X
Hoofmelodie-herverskyning op tjello	
Tekstuur bly dieselfde	
Aanvangsmelodie deur gedempte trumpet	X

**3 x 1**

(3)

5.3

**SNIT 34**

Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 34 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Strykkwartet	X
Pizzicato en arco	X
Onbeklemtoon	
Vibrato	X
Simfonies	
A cappella	
Legato melodiese lyn	X
Agitato	

**3 x 1**

(3)

5.4

**SNIT 35 en SNIT 36**

5.4.1 Vergelyk die TWEE uittreksels na aanleiding van die TWEE items hieronder gegee. Skryf jou antwoorde in die spasies wat verskaf word.

**Antwoord:**

ITEMS	SNIT 35	SNIT 36
<b>Metrum</b>	Drieslagmaat $\frac{3}{4}$	<ul style="list-style-type: none"> <li>Tweeslagmaat <math>\frac{2}{4}</math></li> <li>Vierslagmaat <math>\frac{4}{4}</math></li> </ul>
<b>Stemtipe</b>	Bas	Bariton

**4 x ½**

(2)

**SNIT 37 en SNIT 38**

5.4.2 Vergelyk die TWEE uittreksels en lewer kommentaar op hoe die stemming by die betrokke karakter pas.

**Antwoord:****Snit 37**

- Gewigting, donker, ernstig, gewyd en formeel
- Verwys na die aard van die wyse en goeie karakter Sarastro
- Hang saam met dieper morele aspekte – goedheid en wysheid

**Snit 38**

- Lewendige, speelse en lighartige karakter of komies en eenvoudig
- Verwys na die grappige aard van die karakter Papageno
- Hang saam met die ligter, speelse vermaakklikheidsaspek van opera

**Enige TWEE ooreenstemmende vergelykings**

(2)

5.5

**SNIT 39**

5.5.1 Benoem die kadens aan die einde van hierdie uittreksel.

**Antwoord:** Volmaakte kadens

**1 punt**

(1)

5.5.2 Beskryf die homofoniese tekstuur van hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

Melodie word begelei deur blokakkorde

**1 punt**

(1)

5.6

**SNIT 40**

Beskryf die orkes-inleiding tot hierdie lied.

**Antwoord:**

- Strykers en houtblasers
- Lig en yl
- Afwisselend legato- en staccato-artikulasie in die strykers
- Meestal, deurgaans sag met 'n luider gedeelte aan die einde van die uittreksel net voor die stem inval
- Horings speel enkelnote om primêre akkoorde te versterk by die frase-eindes

**Enige TWEE**

(2)

5.7

**SNIT 41**

5.7.1 Watter instrumente speel die melodie aan die begin van hierdie uittreksel?

**Antwoord:** Viole/Hoë strykers

**1 punt***Woord 'strykers' alleen = ½ punt*

(1)

5.7.2 Beskryf die begeleiding van hierdie melodie.

**Antwoord:**

- Lang aangehoue note in die strykers en horing
- Pizzicato in die lae strykers
- Statiese akkoordbegeleiding

**Enige TWEE**

(2)

5.7.3 Skryf 'n Italiaanse term neer wat die karakter van hierdie uittreksel beskryf.

**Antwoord:** Dolce/cantabile/tranquillo/espressivo

**1 punt**

(1)

5.8

**SNIT 42**

Beskryf die musiek wat jy in hierdie uittreksel hoor.

- Die laaste mate van die vyfde beweging van Beethoven se *Pastorale Simfonie*.
- Begin met 'n forte (*f*) strykerseksie wat beantwoord word met 'n piano (*p*) houtblaasseksie
- Gaan voort met 'n arpeggio-baslynfiguur (in die tjello/kontrabas) terwyl die orkes lang aangehoue note speel
- Die beweging se openingsmotief verskyn as 'n kort fragment in die Franse horing (con sordini)
- Die begeleiding bevat op- en afgaande toonleerpassasies in die strykers in drie verskillende registers
- Geleidelike afname in dinamiese vlak tot die twee slotakkoorde
- Die hele orkes speel die twee slotakkoorde (*ff*) op die tonika akkoord (mi – do)
- Die volle standaardorkes speel (tutti)
- Matige tempo
- Tempo word geleidelik stadiger tot by die einde (rit.)
- Kadensuitbreiding op die tonika akkoord

***Enige DRIE***

(3)

5.9

**SNIT 43**

Kies VIER stellings in KOLOM A wat die musiek wat jy hoor, die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Eerste tema deur tjello's en altviole gespeel	X
Motiewe deur die koperblasers gespeel	
Legato- en staccato-artikulasie	X
Dominantpedaalpunt	X
Afwisselende spel tussen mineur en majeur tonaliteit	X
Klarinetpassasies	
Heruiteensetting	X
Stygende melodielyn met 'n crescendo	
Tweede tema deur koperblasers en klarinet gespeel	

***4 x 1***

(4)

***(28 ÷ 2)*****[14]****TOTAAL AFDELING B:** **14**

**AFDELING C: VORMLEER (VERPLIGTEND)****VRAAG 6**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

**Allegro**

The musical score consists of two staves. The top staff uses a treble clef and a common time signature. The bottom staff uses a treble clef and a common time signature. Measure 1 starts with a dynamic **f**. Measures 2-6 show eighth-note patterns. Measure 7 starts with a dynamic **p**. Measures 8-12 show eighth-note patterns. Measure 13 starts with a dynamic **f**. Measures 14-18 show eighth-note patterns. Measure 19 starts with a dynamic **f**. Measures 20-24 show eighth-note patterns. Measure 25 starts with a dynamic **f**. Measures 26-28 show eighth-note patterns.

**SNIT 44**

- 6.1 Verskaf 'n skematische uitleg van die vorm. Trek rye in die tabel hieronder en dui ELKE seksie met sy ooreenstemmende maatnommers aan.

**Antwoord:**

SEKSIES	MAATNOMMERS
A $\frac{1}{2}$	$0^{2b} - 12^{2a}$ ( $\frac{1}{2} + \frac{1}{2}$ ) <b>OF</b> 1 – 12 ( $\frac{1}{2} + \frac{1}{2}$ )
B $\frac{1}{2}$	$12^{2b} - 32^{2a}$ ( $\frac{1}{2} + \frac{1}{2}$ ) <b>OF</b> 13 – 32 ( $\frac{1}{2} + \frac{1}{2}$ )

**3 punte**


(3)

- 6.2 Noem die oorkoepelende vormtipe van hierdie stuk.

**Antwoord:** AB/Tweeledige vorm**1 punt**

(1)

- 6.3 Noteer die basiese ritmiese motief wat in die eerste SES mate van die aanvangseksie gebruik word.

**Antwoord:****1 punt**

(1)

- 6.4 Noem TWEE komposisietegnieke wat in maat 8 tot 12 gebruik word.

**Antwoord:**

Sekwens/Herhaling/Ritmiese herhaling/Gebroke-akkoord bas

**Enige TWEE**

(2)

- 6.5 Lewer kommentaar op die tekstuur wat in maat  $12^{2b}$  tot  $17^1$  gebruik word.

**Antwoord:**

- Kontrapuntale (polifoniese) tekstuur wat nabootsing gebruik
- Lineêre tekstuur geskep deur twee onafhanklike partye
- YI, deursigtige tekstuur

**Enige TWEE**  
**Woord 'polifonies' alleen =  $\frac{1}{2}$  punt**

(1)

**TOTAAL AFDELING C:****8****GROOTTOTAAL:****30**